# Hoofstuk van die dag: Openbaring 3

*Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat*

> *julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie. (vers 8)*

Onder die sewe gemeentes aan wie die Here Jesus briewe stuur in Op 2 en 3 is daar slegs twee wat net lof en bemoediging van die Here ontvang: Filadelfia (3:7-13) en Smirna (2:8-11). En dit is ook die twee gemeentes wat in wêreldse terme dit moeilik gehad het. Smirna was finansieel arm (2:9) en Filadelfia se krag was min (3:8).

Filadelfia was boonop die enigste gemeente wat sendingwerk gedoen het. Hulle het ontdek dat min krag nie 'n belemmering hoef te wees in die Koninkryk nie. Inteendeel, dit kan juis tot jou voordeel wees, omdat jy dan jou krag en rykdom in die Here soek en vir Hom lewe en werk en getuig. Filadelfia het min krag gehad, en tog het hulle aan Christus se boodskap vasgehou en Hom nie verloën nie.

Daarom gee Christus vir hulle 'n oop deur, geleenthede om te getuig (vers 8) en die versekering dat Hy hulle sal vashou wanneer hulle beproef word (vers 10).

Lees gerus ook Efes 6:10.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

© Bybelkoerant 2018 – 2026